A. Tripolitis

# RELIGIONS OF THE HELLENISTIC-ROMAN AGE

2002. Grand Rapids, Michigan/Cambridge U.K.: William B. Eerdmans

ISBN 08028-4913-X.

Die skryfster bied 'n inleiding van die godsdienste van die Hellenisties-Romeinse tydvak aan. Eers gee sy 'n historiese oorsig van Aleksander die Grote se doen en late en sy visie, met die daaropvolgende ontwikkelinge in die sosio-politieke stelsels van die era.

In die uiteensetting van die godsdienstige reaksie op die veranderinge van 331 v.C. tot die 4de eeu n.C. bespreek sy misteriekultusse, met spesiale aandag aan Mitraisme, die godsdiensfilosofieë wat in hierdie tydvak ontwikkel het of herleef het, Hellenistiese Judaïsme, Christendom en Gnostisisme. In haar bespreking van die Hellenistiese Jodendom bied sy 'n geskiedkundige oorsig van die Joodse Diaspora van die Babiloniese Ballingskap tot die Romeinse Oorwinning van 135 n.C. Vervolgens kom die ontwikkeling van Joods-Hellenistiese literatuur, teologie en wysbegeerte aan die beurt. Sy lig die hoofeksponent van die Joods-Hellenisme, nl. Filo Judaeus toe, asook die kuns en liturgie van die sinagoge. Sy toon ook aan die invloed van die Jodendom op die Christendom.

In die bespreking van die kulturele en sosiale milieu waarin die Christendom ontstaan en verbrei het, toon sy die rol van die heidense teenstand en die daaropvolgende gesprek aan op die ontwikkeling van die Christelike struktuurgewing, denke en tradisie.

Die hoofstuk oor Gnostisisme ondersoek faktore vir die ontstaan, gewildheid en verdwyning van die beweging. Die hoofbeginsel onderliggend aan al die gnostieke groepe word ondersoek. Die belangrikste gnostieke denkstelsel geniet besondere bespreking.

Die boek word aanbeveel vir godsdienshistorici, Nuwe-Testamentici en/of historici wat werk op die godsdienstige agtergrond van die Nuwe Testament en vroeë kerk. Die outeur het 'n voortreflike kennis van haar onderwerp wat sy met groot helderheid beskryf.

Prof. S.P.J.K. Riekert.
Departement Bybel- en Godsdienskunde.
Fakulteit Teologie.
Universiteit van die Vrystaat.